

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

7.1 ORIËNTERING

Vervolgens word 'n samevatting van elke hoofstuk, die bevindinge ten opsigte van groepvoorligting en ouerbegeleiding met betrekking tot die begeleiding van die depressiewe adolessent, enkele tekortkominge in die ondersoek, asook aanbevelings na aanleiding van die ondersoek, verskaf.

7.2 SAMEVATTING

In hoofstuk een is onder meer 'n uiteensetting gegee van navorsing wat aantoon dat depressie 'n wydverspreide verskynsel is wat wel by kinders en adolessente voorkom en hul funksionering nadelig beïnvloed. Vervolgens is die tweeledige probleem, naamlik watter begeleidingsvorme bruikbaar en relevant binne die huidige skoolsituasie is, asook in welke mate die gesin en die skool by sodanige begeleiding betrek kan word, gestel.

Voorts is die doel met die navorsing, naamlik om 'n verskeidenheid begeleidingsvorme na aanleiding van 'n literatuurstudie te beredeneer, die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, asook die opvoedkundige implikasies daarvan te evalueer en sodoende begeleidingsvorme te identifiseer wat binne gesins- en skoolverband toegepas kan word. Tydens die literatuurstudie het dit vroeg reeds geblyk dat 'n eklektiese benadering gevolg sal moet word om 'n geskikte program daar te stel. Sodanige benadering is deurgaans gevolg met die groepvoorligtingsprogram en die ouerbegeleidingsprogram.

In die inleidende hoofstuk is die begrippe: “opvoedkundige begeleiding,” “depressie,” “adolessensie,” asook “gesin” en “skool” as samelewingsverbande nader toegelig. Hieruit blyk dit dat die “opvoedkundige begeleiding” wat in hierdie studie ter sprake is, dui op voorligting en berading en nie op psigoterapie soos deur ‘n professionele persoon toegepas, nie. Wanneer na “depressie” verwys word, is dit belangrik om te onderskei tussen ‘n sogenaamde “normale” depressie en ‘n “abnormale” depressie. Ofskoon albei op dieselfde kontinuum voorkom, verwys “abnormale” depressie na ‘n kliniese- of patologiese gemoedsversteuring waar die individu nie meer in staat is om met sy normale dagtaak voort te gaan nie. In hierdie navorsing gaan dit hoofsaaklik oor die adolessent wat “normale” depressie ervaar.

Voorts is die metode van ondersoek, wat uit ‘n literatuurstudie en ‘n empiriese ondersoek bestaan, uiteengesit. Ten slotte is die verloop van die navorsing aangetoon.

Hoofstuk 2 handel oor die aard en wese van die adolessent en hoe hy hom binne die gesin en skool handhaaf. Die ontwikkeling wat die adolessent op fisiologiese en liggaamlike-, seksuele-, kognitiewe-, persoonlikheids-, emosionele-, sosiale-, en morele terrein ondergaan, is van nader beskou en die opvoedkundige implikasies daarvan toegelig. So is gewys op die taak van die opvoeder om die adolessent te begelei om sy veranderende liggaam te aanvaar en daarmee versoen te raak. Ten opsigte van die adolessent se seksuele ontwikkeling is onder andere gewys op die noodsaaklikheid van die primêre opvoeder om die kind toe te rus met die nodige kennis om homself te handhaaf binne heteroseksuele verhoudings. Die kognitiewe ontwikkeling wat tydens adolessensie plaasvind, hou die volgende implikasies in vir die opvoedingspraktyk: onderwysers wat nie in staat is om voldoende te differensieer nie kan sommige leerlinge minderwaardig laat voel binne die klassituasie; ouers wat nie genoegsaam kennis van hul kinders het nie kan te veel

van hulle verwag deur onrealistiese eise te stel; onkonsekwente optrede deur ouers en onderwysers kan lei tot rebelsheid. By die persoonlikheidsontwikkeling tydens adolessensie blyk dit uit die navorsing dat veral identiteitsvorming behoorlik moet verloop om 'n gelukkige, gebalanseerde adolessent te verseker. Wat die emosionele ontwikkeling betref, is dit belangrik dat die opvoeder begrip moet hê vir die emosionele ontwikkelingspatrone van die adolessent om sinvolle begeleiding te verskaf. Voorts mag die belangrikheid van sosiale ondersteuning en intieme verhoudings as skans teen depressiewe gevoelens nooit uit die oog verloor word nie. Die morele ontwikkeling van die adolessent plaas 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die opvoeder om deur voorlewing en begeleiding die adolessent te lei tot die vorming van 'n positiewe morele waardestelsel.

In hoofstuk 3 is die verskynsel van depressie, voorkoms, oorsake en manifestering daarvan tydens adolessensie onder die loep geneem. Aangesien 'n normale populasie by hierdie ondersoek betrek is, kan aanvaar word dat proefpersone nie noodwendig aan 'n kliniese versteuring ly nie, maar wel depressiewe gevoelens mag ervaar. Wat die voorkoms van depressie tydens adolessensie betref, word in die literatuur uiteenlopende statistiek aangetref. Dit wil tog voorkom of die voorkoms tydens en direk na puberteit dramaties styg. Die oorsake van depressie tydens adolessensie vertoon 'n multi-faktoriale etiologie wat genetiese-, fisiese-, fisiologiese-, omgewingsfaktore soos ouerlike psigopatologie, aangeleerde hulpeloosheid, opvoedingstyl van ouers, disharmonie tussen ouers, sosio-ekonomiese status, ervaring van verlies, stres, ouerlike verwerping en emosionele afsydigheid, kindermishandeling en interpersoonlike verhoudings, asook psigiese faktore soos ervaring van angs, negatiewe selfbeeld, foutiewe kognitiewe skemas en onvermoë tot ideaalverwesenliking, insluit. Depressiewe gevoelens tydens adolessensie manifesteer in psigiese aktiwiteite, wat kognitiewe-, konatiewe- en

affektiewe komponente insluit, fisiese aktiwiteite, psigosomatiese simptome, interpersoonlike verhoudings en psigotiese simptome.

In hoofstuk 4 is 'n oorsig van die verskillende benaderingswyses tot die begeleiding van die depressiewe adolessent verskaf. Sodanige benaderingswyses sluit psigo-analitiese-, gedrags-, kognitiewe-, kognitiewe-gedrags-, humanities-eksistensiële- en 'n biologiese benadering in. In aansluiting hierby is die praktiese toepaslikheid van dié benaderingswyses binne gesins- en skoolverband uiteengesit. Voorts is die mees toepaslike terapieforme binne gesins- en skoolverband geselekteer. Hieruit blyk dit dat 'n begeleidingsprogram vir die depressiewe adolessent groepvoorligting en ouerbegeleiding moet insluit. Die wenslikheid van groepvoorligting en ouerbegeleiding as begeleidingsvorme vir die depressiewe adolessent is vervolgens nader toegelig.

In hoofstuk 5 is die metode van ondersoek uiteengesit. Hierdie studie bestaan uit 'n literatuurstudie en 'n daaruitspruitende empiriese ondersoek. Die literatuurstudie het hoofsaaklik gefokus op die kwesbaarheid van die adolessent, 'n verskeidenheid begeleidingsvorme vir die behandeling van depressie en die wyses waarop die gesin en skool daarby betrek kan word. Tydens die empiriese ondersoek is depressiewe leerlinge, na afloop van die voortoets, op ewekansige wyse in die begeleidingsgroepe ingedeel. Die begeleidingsgroepe is onderskeidelik aan 'n groepvoorligtingsprogram, 'n ouerbegeleidingsprogram en 'n kombinasie van die twee programme blootgestel. Ses weke na afloop van die programme is al drie groepe aan die eerste na-toets onderwerp om die effek van die onderskeie begeleidingsprogramme te bepaal. Die tweede na-toets is 10 weke later afgeneem om die blywende effek van die programme te bepaal.

Die resultate en bevindinge van die empiriese ondersoek is in hoofstuk 6 statisties verwerk en uiteengesit.

7.3

BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN GROEPVOORLIGTING

7.3.1

Die rol van die voorligtingonderwyser

Na afloop van die groepvoorligtingsprogram blyk dit dat die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser met behulp van leiding deur die personeel van die Onderwys hulpiens wel in staat is om die nodige begeleiding aan ontspoorde, depressiewe leerlinge te bied. Ofskoon daar in hierdie studie nie van 'n medeterapeut of voorligtingonderwyser gebruik gemaak is nie, is die skrywer daarvan oortuig dat die voorligtingonderwyser sodanige program met groot vrug kan aanwend. Dit is belangrik dat die onderwyser sy rol vir die duur van die program duidelik sal omskryf. Dit kan 'n onderwysende rol, 'n fasiliteringsrol, 'n terapeutiese rol of 'n kombinasie daarvan wees. Vir die doel van hierdie studie is die basiese verantwoordelikheid van die onderwyser om aan die adolessent hoop te gee vir die toekoms.

7.3.2

Die doel van groepvoorligting

Tydens die goepvoorligtingsprogram is deurentyd gepoog om 'n geborge omgewing daar te stel waarin groeplede persoonlike probleme met ander kan deel en help oplos. Alhoewel alle groeplede nie altyd bereid was om hul diepste probleme met die groep te deel nie, kon hulle tog baat vind by die oplossing van ander groeplede se probleme, die aanleer van sekere vaardighede en die aanvaarding van die verantwoordelikheid om self werk te maak van hul probleme. Deurdat veral klem gelê is op elke individu se omstandighede (wat sy fisiese omgewing, sy opvoeding en sy sosio-ekonomiese status insluit), sy persoonlikheid (wat sy fisiese en geestelike gesteldheid, sy agterstande, sy bekwaamhede en sy potensiaal insluit) en die netwerk van interpersoonlike verhoudinge waarvan hy

onlosmaaklik deel is, is die doel met die groepvoorligtingsprogram in 'n groot mate bereik.

7.3.3 Die groep as sosiale mikrokosmos

Nie alleen word sekere faktore uit groeplede se sosiale omgewing ook in die groep aangetref nie - geleentheid is ook binne die groep geskep om sodanige faktore deur sosiale leer, modellering, eksperimentering van gedrag en terugvoering noukeurig te ondersoek. Die beginsel van universaliteit, waardeur die individu tot die besef kom dat sy probleem nie uniek is nie, het verder bygedra tot die effektiwiteit van die groepvoorligtingsprogram.

7.3.4 Vorbereiding van die groeplede

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat hierdie fase in die groepvoorligtingsprogram nie oorbeklemtoon kan word nie. Daar kan trouens verdere sessies ingepas word om die vertrouensverhouding tussen die groeplede en groepleier verder te versterk. Selfs al sou slegs een groeplid 'n negatiewe gesindheid teenoor die program openbaar, behoort hy opnuut tydens 'n individuele onderhoud begeleiding te ontvang. Indien individuele begeleiding steeds nie die gewenste uitwerking het nie, behoort hy nie tot die groep toegelaat te word nie. Individuele voorligting of berading sal in so 'n geval van groter waarde wees.

7.3.5 Groeptherapeutiese meganismes

Vervolgens word die belangrikste meganismes wat binne die groep werksaam is, deur die skrywer geëvalueer soos dit tydens die groepvoorligtingsprogram ervaar is:

- Verskaffing van hoop. Deurdat groeplede geleentheid gegun is om van persoonlike ervaringe te vertel en wenke aan die hand te doen, is deurentyd op 'n onbewuste wyse hoop verskaf aan diegene wat nie spontaan deelgeneem het nie.
- Universaliteit. Die wete dat ander adolessente met dieselfde probleme te kampe het, het onbetwiste terapeutiese waarde.
- Verkryging van inligting. Groeplede was deurentyd begerig om meer te wete te kom van die ontwikkelingstadium waarin hulle hulself bevind, die gemoedsversteuring wat hul funksionering affekteer, vaardighede om depressiewe gevoelens te bestry, asook soortgelyke ervarings van ander groeplede.
- Altruïsme. Vir diegene wat daartoe in staat was om ander in die groep van raad te bedien, was dit 'n baie positiewe ervaring en het hul selfwaarde baie verbeter. Diegene wat nie daadwerklik hulp kon verleen nie, het tog ook van waarde gevoel deurdat hulle met begrip kon luister.
- Sosialiseringstegnieke. Alhoewel sekere sosialiseringstegnieke in die loop van die program geoefen is, sal meer sessies in groepwerk nodig wees om sodanige tegnieke werklik deel van elke groeplid se sosiale mondering te maak.
- Nabootsing van gedrag. Vanweë die heterogene samestelling van die groep bestaan min twyfel dat van die sterker groeplede, binne sekere situasies, as rolmodel kon dien vir ander groeplede.

- Katarsis. Ontlading deur middel van katarsis het nie tydens die groepvoorligtingsprogram plaasgevind nie.
- Korrektiewe opsomming van die primêre opvoedingsituasie. Ofskoon nie alle groeplede van die geleentheid gebruik gemaak het om hul negatiewe bewingte met betrekking tot hul gesinsituasie deur te werk en te evalueer nie, het diegene wat daartoe bereid was, groot baat daarby gevind.
- Eksistensiële faktore. Groeplede is deurentyd onder die besef gebring dat dit hul eie verantwoordelikheid was om deur daadwerklike optrede hul lot te verander. Faktore wat nie verander kan word nie, moet eenvoudig aanvaar word.
- Groepkohesie. Ofskoon 'n samehorigheidsgevoel onder groeplede bestaan het, kon dit waarskynlik sterker gewees het indien die groep meer homogeen saamgestel was.
- Interpersoonlike groei. Tydens elke sessie is geleentheid vir groeplede gebied om hulself te leer ken, bewus te word van hul goeie hoedanighede, hul tekortkominge en die effek wat hul gedrag op ander het. Sodoende het persoonlike groei plaasgevind wat ook daartoe gelei het dat interpersoonlike verhoudinge verbeter het.

7.3.6 Tegnieke in groepvoorligting

Tydens die groepvoorligtingsprogram wat in hierdie navorsing gevolg is, is veral met groot vrug gebruik gemaak van die volgende tegnieke:-

- Rondtes. Rondtes waar groeplede versoek is om hul verhouding met gesinslede, onderwysers en vriende op 'n tienpuntskaal te evalueer het baie positiewe resultate opgelewer. Later in die program was groeplede ook in staat om spontaan wenke aan die hand te doen om ander groeplede te help met die oplossing van bepaalde probleme.
- Drietalle. Voordat groeplede die nodige selfvertroue gehad het om in die groot groep probleme te bespreek, het die gebruik van drietalle die geleentheid gebied om probleme vrylik te bespreek.
- Skriftelike oefeninge. Vir diegene wat hul skriftelike huiswerkopdragte, soos die byhou van 'n aktiwiteitskedule en die drievoudige kolom-tegniek, pligsgetrou gedoen het, het dit bepaald terapeutiese waarde gehad.
- Telegram. Tydens die inleidende sessie is die stuur van telegramme veral met groot vrug gebruik om groeplede op hul gemak te stel en groepkohesie te vestig.
- Ontspanning. Na afloop van sessies is ontspanningstegnieke met groot vrug aangewend om sessies af te sluit.
- Rollespel. Die waarde van rollespel is hoofsaaklik geleë in die groepbespreking na afloop daarvan. Groeplede was oor die algemeen baie geneë tot die bespreking van 'n probleem na afloop van 'n rollespel.
- Anonieme brief aan 'n terapeut. Vanweë die tydsbeperking is genoemde tegniek aangebied in die vorm van 'n inbelprogram waartydens elke groeplid die geleentheid gebied is om te skakel en oplossings aan die hand te doen. Dit het groot byval gevind by die groep as geheel.

7.3.7

Effektiwiteit met betrekking tot die studie

Vir die doel van hierdie studie was groepvoorligting suksesvol in die vermindering van depressiewe gevoelens deurdat 80% van die groeplede, wat slegs aan die groepvoorligtingsprogram onderwerp is, tydens die eerste na-toets 'n afname in depressiewe gevoelens ervaar het. Lede in hierdie begeleidingsgroep se depressiewe gevoelens het met gemiddeld 5 punte afgeneem volgens die eerste na-toets. Volgens die tweede na-toets het 100% van die groeplede 'n afname in depressiewe gevoelens ervaar wanneer dit vergelyk word met die voortoets. 'n Gemiddelde afname van 8,4 punte is tydens die tweede na-toets gevind. Na afloop van die totale program het 100% van die proefpersone se depressiewe gevoelens 'n afname van gemiddeld 8,6 punte getoon.

7.4

BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE OUERBEGELEIDINGS-PROGRAM

7.4.1

Ouerbegeleiding as onmisbare element in die begeleidingsproses

Die vormende invloed wat ouers op hul kinders het kan nooit onderskat word nie. Die gesindheidsverandering van die adolessente wie se ouers positief by die ouerbegeleidingsprogram ingeskakel het, was opmerklik. Hulle kon ook optimaal baat by die totale program.

7.4.2

Die doel met ouerbegeleiding

Tydens hierdie studie is die doel met die ouerbegeleidingsprogram, naamlik om ouers te help om hul verhoudings met hul kinders te begryp en te verbeter, om die ontwikkelingsstadium waarin hul kinders hul bevind beter te begryp en om die nodige samewerking met die skool te bewerkstellig, met die oorgrote meerderheid

ouers wel bereik. Voorts is ouers toegerus om groter begrip vir hul kinders met depressiewe gevoelens te openbaar, om vaardighede en tegnieke toe te pas om sodanige simptome te verlig en om hul opvoedingstyl só te wysig dat depressiewe gevoelens bekamp kan word.

7.4.3 Aanbiedingswyse van die ouerbegeleidingsprogram

Aanvanklik is beplan om al die ouers wat die program moes deurloop binne groepsverband te betrek. Vanweë hul uiteenlopende werksomstandighede en programme was dit egter nie moontlik nie en is ouers in sessies gesien. In enkele gevalle waar dit vir ouers onmoontlik was om 'n groepsessie by te woon, is hulle individueel gesien. Hieruit het duidelik geblyk dat groepwerk nooit individuele voorligting kan vervang nie. Tog het die voordele van groepwerk, naamlik dat dit tyd- en kostebesparend is, dat groepdinamiese prosesse die doeltreffendheid verhoog, dat ouers geleentheid kry om persoonlik te groei en gemeenskaplike probleme as universeel, en dus meer objektief te beskou, in die loop van die program duidelik na vore gekom.

7.4.4 Vereistes waaraan 'n ouerbegeleidingsprogram moet voldoen

Die ouerbegeleidingsprogram wat in hierdie studie gebruik is, voldoen grootliks aan al die vereistes wat volgens die literatuurstudie (vergelyk paragraaf 3.9.2.4) gestel word. Vanweë die diversiteit wat tussen die ouers bestaan kon die moeilikheidsgraad van die programinhoud nie deurgaans by elkeen se intellektuele vlak aanpas nie. Aangesien die doeltreffendheid van die empiriese ondersoek deur die twee na-toetse bepaal is, is die doeltreffendheid van die ouerbegeleidingsprogram in die besonder nie met behulp van 'n vraelys getoets nie.

7.4.5

Effektiwiteit met betrekking tot die studie

Vir die doel van hierdie studie was die ouerbegeleidingsprogram suksesvol deurdat 80% van die adolessente wie se ouers slegs aan die ouerbegeleidingsprogram deelgeneem het se depressiewe gevoelens tydens die eerste na-toets 'n afname getoon het. Lede in hierdie begeleidingsgroep se depressiewe gevoelens het met gemiddeld 4,2 punte volgens die eerste na-toets afgeneem. Volgens die tweede na-toets het 80% proefpersone se depressiewe gevoelens 'n afname getoon of minstens konstant gebly in vergelyking met die eerste na-toets. Na afloop van die totale program het 60% van die proefpersone se depressiewe gevoelens 'n afname van gemiddeld 3 punte getoon.

7.5

BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE GEKOMBINEERDE BEGELEIDINGSPROGRAM

Soos blyk uit paragrawe 7.3 en 7.4 het die groepvoorligtingsprogram, sowel as die ouerbegeleidingsprogram 'n positiewe effek gehad op die begeleiding van die depressiewe adolessent. Die gekombineerde begeleidingsprogram was waarskynlik die mees suksesvolle program deurdat 77% van die proefpersone se depressiewe gevoelens 'n afname van gemiddeld 7,7 punte na die eerste na-toets getoon het. Volgens die tweede na-toets het 66% van die proefpersone se depressiewe gevoelens met 'n gemiddeld van 'n verdere 2,6 punte afgeneem. Na afloop van die totale program het 88% van die proefpersone se depressiewe gevoelens met 'n gemiddeld van 10,3 punte afgeneem.

'n Begeleidingsprogram waarin groepvoorligting gekombineer word met ouerbegeleiding kan dus van groot waarde wees om die depressiewe adolessent op 'n opvoedkundig-verantwoordbare wyse te begelei binne gesins- en skoolverband.

TEKORTKOMINGE VAN DIE ONDERSOEK

- Gesien in die tydsgewrig waarin ons staan is die grootste leemte in hierdie ondersoek waarskynlik dat dit nie op 'n multi-kulturele skoolgemeenskap gerig was nie.
- Aangesien proefpersone uit 'n beperkte populasie getrek is, kan die resultate wat verkry is nie sonder meer op adolessente in die algemeen van toepassing gemaak word nie.
- Ofskoon die eerste na-toets 6 weke na afloop van die program en die tweede na-toets 10 weke later afgeneem is, kon die langtermyn effek nie werklik bepaal word nie. 'n Longitudinale studie sou waarskynlik vir dié doel van groter waarde wees.
- Om die resultate wat deur middel van die meetinstrument verkry is verder te verifieer, kon terugvoering vanaf ouers en onderwyspersoneel op 'n meer formele en konkrete wyse verkry gewees het.
- Die feit dat nie van 'n kontrolegroep gebruik gemaak is nie, kan nie as leemte beskou word nie aangesien dit opvoedkundig nie-verantwoordbaar sou wees om nie aan 'n kind in nood die nodige begeleiding te verskaf nie.

AANBEVELINGS

- Depressie tydens adolessensie is 'n probleem wat meer aandag van Opvoedkundige-Sielkundiges, Onderwysadviseurs en Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers vereis as wat tans die geval is. Die skool, in samewerking met genoemde personeel

en professionele hulpverleners, behoort meer betrokke te raak by die inisiëring van primêre voorkomende maatreëls.

- Vanweë die toenemende getalle waarmee sodanige persone van dag tot dag moet werk, behoort groepvoorligting 'n integrale deel uit te maak van die begeleidingsprogram vir die depressiewe adolessent. Groepvoorligting bied 'n ideale geleentheid om voorkomend op te tree en geestesgesondheid te verseker.
- In aansluiting by bogenoemde behoort ouers ook in groepsverband by 'n ouerbegeleidingsprogram betrek te word om die nodige steun aan die depressiewe adolessent te bied.
- Wanneer 'n begeleidingsprogram, hetsy 'n groepvoorligtingsprogram of 'n ouerbegeleidingsprogram, vir die depressiewe adolessent beplan word, is dit belangrik dat 'n holistiese, eklektiese benadering gevolg word om die beste resultate te verkry.
- Indiensopleiding behoort aan onderwysers, sowel as ouers verskaf te word sodat hulle uiteindelik as groepleiers in die onderskeie programme aangewend kan word. Dit is belangrik dat die nodige kennis van die onderwerp verkry sal word alvorens die programinhoud as sodanig aandag kry. In die proses word die onderwyser opgelei om spesifieke gedragsimptome te herken, potensiële depressielyers te identifiseer met behulp van 'n selfevalueringsvraelys, leerlinge wat 'n behoefte daartoe het te verwys na die Onderwys hulpdienst en om skoolgebaseerde programme te koördineer met ander begeleidingsvorme. Dit lê op die weg van die Hulpdienstpersoneel om sodanige indiensopleiding te inisieer.

- Opvoeders behoort te alle tye te streef na verantwoordelike ouerskap, opvoedende onderwys en godsdienstige vorming om die basis van geestesgesondheid te vestig.
- Alhoewel dit nie altyd moontlik is nie, behoort daar by groepvoorligting, sowel as ouerbegeleiding in groepsverband gestreef te word na homogeniteit ten opsigte van ouderdom, gesinsagtergrond, vlak van formele opvoeding, sosio-kulturele konteks en gesindheid met betrekking tot die program.
- In gevalle waar die disharmoniese opvoedingsdinamiek die primêre probleem blyk te wees, kan gesinsterapie waar gesinslede opleiding ontvang om probleme te hanteer van groot waarde wees.
- Die ondersoek hou sekere implikasies in vir die Voorligtingspraktyk, naamlik dat die werkslas van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser sodanig aangepas behoort te word dat meer aandag aan Persoonsvoorligting in die algemeen en begeleiding van die depressiewe adolessent in die besonder gegee kan word. Voorts behoort die begeleiding van sodanige adolessent pertinent in die kurrikulum weerspieël te word sodat 'n atmosfeer geskep word waarin die kind die vrymoedigheid sal hê om probleme met ander te bespreek.
- Opleidingsinstansies wat verantwoordelik is vir die opleiding van Voorligtingonderwysers behoort 'n kursus vir die begeleiding van die depressiewe leerling in hul kurrikulum in te sluit.

- Toekomstige navorsing oor dié onderwerp behoort toegespits te wees op 'n multi-kulturele benadering met die oog op die vestiging van 'n soortgelyke program onder ander bevolkingsgroepe.

7.8

SLOT

Te midde van 'n snelveranderende kontemporêre Suid-Afrika, wat gekenmerk word deur onder meer veranderde norme en waardes, grootskaalse onsekerheid, geweld, werkloosheid en onderwysvernuwing, word van die adolessent verwag om 'n staanplek te vind in die volwasse wêreld. Sonder die nodige ondersteuning en begeleiding van die opvoeder kan sodanige faktore, asook faktore binne die adolessent self geleë, die adolessent kwesbaar maak vir depressiewe gevoelens. Dit is noodsaaklik dat ouers en onderwysers daarop ingestel sal wees om 'n klimaat te skep waarbinne die adolessent weerbaar sal wees teen depressiewe gevoelens, om die depressiewe adolessent vroegtydig te identifiseer, sinvol te begelei en die nodige psigiese steun te bied. Met dié navorsing is gepoog om 'n bydrae te lewer tot die verwesenliking van sodanige opvoedingsideaal.